

GOD GEE LIG

U, Here, laat my lamp helder skyn;
my God gee lig as dit donker is om my.
2 Samuel 22:29

**As elkeen maar net 'n liggie wou wees waar hy ook al is,
As ons net minder wou eis en meer wou berus,
Dink net hoeveel mooier die lewe dan sou wees,
Want elkeen sou 'n beeldraer word van God se Gees.**

Laat jou lig vandag in die donker wêreld skyn.

There are two ways of spreading light:

To be the
candle or the mirror
that reflects it.



JAARTEMA:
IN AANBIDDING VOOR GOD

Junie 2015

Deur die kragtige Gees-wind beur ons vorentoe



In die vroeë tye was die skepe baie afhanklik van die wind. As daar geen wind was nie het die skepe tot stilstand gekom. Dan het almal magteloos gewag op die wind om te begin waai.

Wanneer die klein vlaggie bo aan die hoogste mas begin wapper, het die matrose geweet die belofte van verder vaar is hier. Dan is die seile gespan en die skip het weer begin vorentoe beur.

Soms kom daar in ons persoonlike lewe ook die windstilte tye. Tye wanneer ons voel ons het die sandbank getref of iets het gebeur wat ons magteloos gestrand laat voel. Dan weet ons nie mooi watter kant toe nie en hoe om daaruit te kom of verder nie. Dit kan ook geestelik wees dat ons 'n tyd beleef van doodsheid, asof daar nie veel van lewe by ons aangaan nie ook asof alles moeite geword het en ons maar net voort strompel.

Die groot en goeie nuus is dat die wind het begin waai! Op pinksterdag het die Groot hemelse Wind vir altyd begin waai in ons lewe en ook in die kerk van die Heer. Daar staan nie verniet in die Skrif : *skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind...* (Handelinge 2:2).

Ons is nie meer in die windstilte nie! Ons is nie meer magteloos gestrand nie! Deur die Gees kan ons nou in al ons omstandighede vorentoe beur. Ons kan ons probleme aanpak en oorwin. Ons kan verder en vorentoe. Ons kan aan ons doel beantwoord om te vaar op die oopsee van die lewe. *Die Gees wat God ons gegee het is 'n Gees van krag..!* (2 Tim 1:7).

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Ons taak is net om die seile van ons lewe gespan te hou en dan sal die Gees ons vorentoe beweeg, selfs in die moeilikste omstandighede! Ons hou ons seile gespan deur ons gereelde stil word met die Here in Bybelstudie en gebed; asook gehoorsaamheid aan Sy stem en gesamentlike aanbidding in die erediens.

Ons beleef die swaartye waarvan Paulus skryf aan Timoteus: *Dit moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. (2) Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; (3) hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; (4) hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. (5) Hulle sal nog die uitelike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie (2 Tim 3:1-5).*

In die bedompigheid van al hierdie nare dinge wat ons om ons beleef kan ons met geloof die vlaggie van God se Woord dophou wat sê: die wind waai kragtig....die Gees het gekom om te help....span die seile! Die vars briesie van die Gees wil ons lewe vernuwe. Ons kan met nuwe krag verder; ons kan die goeie dinge wat gebeur raaksien en waardeer; die slegte dinge sal ons nie onderkry nie; ons sal dit maak en ons sal ander wat vasgeval het help om weer die seile te span en met nuwe hoop te vaar in die krag van die Gees. Ons kan en sal aan ons doel beantwoord en ook by ons bestemming uit kom.

Mag jou seile gespan wees vir die Gees-wind wat kragtig waai. Kom ons vaar hoopvol en moedig voort in Sy krag.

ds Leon van Heerden

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ◆ **15 Junie:** Skoolvakansiedag
- ◆ **16 Junie:** Vakansiedag - Jeugdag
- ◆ **21 Junie:** Doop en Youthbash @ 18:00
- ◆ **26 Junie:** Skole sluit

Sien jou daar!

HEAVEN'S GROCERY STORE

I was walking down life's highway a long time ago,
One day I saw a sign that read "Heaven's Grocery Store"
As I got a little closer, the door came open wide
And when I came to myself, I was standing inside.
I saw a host of angels, they were standing everywhere,
One handed me a basket and said, "My child, shop with care."
Everything a Christian needed was in that grocery store,
and all you couldn't carry you could come back the next day for more.
First I got some Patience, Love was in die same row.
Further down was Understanding, you need that everywhere you go.
I got a box or two of Wisdom, a bag or two of Faith,
And the Milk of Human Kindness was just all over the place.
I stopped to get some strength and courage to help me run this race.
By then my basket was getting full, but I remembered I needed some
Grace.
I didn't forget Salvation, for Salvation that was free,
So I tried to get enough of that to save both you and me,
Then, I started up the counter to pay my grocery bill.
For I thought that I had everything to do my Master's will.
As I went up the aisle, I saw Prayer and I just had to put it in.
For I knew when I stepped outside, I would run right into Sin.
Peace and Joy were plentiful, they were on the last shelf.
Song and Praises were hanging near, so I just helped myself.
Then I said to the Angel, "Now how much do I owe?"
He just smiled and said, "Just take them everywhere you go."
Again, I smiled at him and said, "How much really do I owe?"
He smiled again and said, "My child, Jesus paid your bill a long time ago."

Wat is 'n Pa? (deur die oë van 'n kind)

Pa's hou baie van teevee kyk op Saterdag.

Pa's wil slaap op Sondae.

Pa's maak braaivlys vir kos en is sterk en sê hille is die baas.

Pa's het visstokke, grawe en baie anner goet in die graatsh en hille vee nie uit en stof af nie.

Pa's lees as hille kamer verlaat.

Pa's hou van tannies wat nie gelt het vir kleere nie en wat net kostjums dra.

Pa's gee hart pak as ma so sê.

Pa's gaan op vikansie en vat ma's en kinnners altyt saam.

Hille krap hille gesigte skoon want dit wort vol hare as hule slaap.

Pa's werk altyt as kinnners iets wil doen, en het baie werk vir kinnners.

Ma's het ook baie werk vir pa's.

Pa's is kwaai maar hille is bang vir ma's.

**** GELUKKIGE VADERSDAG ****



C.H.R.

24 Uur Nood Loodgietersdienste

CLIVE

16 Gelderland straat, Eloffsdal 0084

Tel: 012 335 2354

OMGEE-BEDIENING

WITKLIPPIES. WIE IS ONS?

'n Omgeegroepie wat 7 jaar gelede begin het en elke Woensdagaand bymekaar kom. Klink die naam "WITKLIPPIES" vir jou snaaks, lees dan Openbaring 2: 17.

Stukkies klip, veral sierstene is in die ou tyd, toe papier nie beskikbaar was nie, dikwels vir besondere tekens gebruik. 'n Wit klip, soos in die Openbaring vers, simboliseer ewige oorwinning en die naam daarop 'n nuwe identiteit wat die ontvanger gekry het. Die wit klippie met die naam daarop sal die oorwinnaar, dit is die een wat getrou bly in geloof, se toegangsteken na die hemelse heerlijkheid wees!

Ons omgeegroep is uniek in die sin dat ons elk lid geleentheid gee om die gespreksonderwerp aan te bied. Dit maak dat elke persoon aktief betrokke is en in die proses groei ons almal geestelik.

Met die 60 jarige feesviering van die gemeente is ons aangewys as die groepie met die beste gees! Verder reik ons uit met maandelikse kospakkies.

Ons is tans 9 persone waarvan drie egpare en drie enkelopende persone. Daar is plek vir nog twee persone wat wil kom inskakel, (skakel 0833240614 vir Luuk of 0768467373 vir Johan). Op die foto is almal behalwe Fienie du Toit.



FAMILIE-BEDIENING

VROUEBEDIENING.

Hierdie bediening is spesiaal vir AL die vroue van die gemeente, ja, vir jou ook.

Die Vrouebediening samel deur die jaar geld in om verbeteringe aan die kerkeiendom aan te bring. Die Oase en die badkamers langsaan asook die saal se nuwe verhoogordyne is voorbeelde daarvan.

Die gemeentevroue kan maandeliks 'n bydrae spesifiek vir die bediening gee, gemerkte koevertjies is in die kerkdeure en by die MI Toonbank beskikbaar of dit kan by die Dienswerker of kerkkantoor inbetaal word. Die vroue kan ook op Sondag 'n blikkie vir "kopergeldjies" by die oggendtee neem en hul kleingeld daarin gooi vir die Vrouebediening. Sodra die blikkie vol is word dit by die kerkkantoor of Sondagoggend by die kerk ingegee. Elke muntstuk help om die totaal vol te maak.

Die volgende projekte waarvoor geld ingesamel word is:


- ♦ Die plafon in die opwaskombuis moet vervang word,
- ♦ die ingang by die vierkant by die kombuis moet verbeter en verfraai word en 'n oprit vir rystoele moet aangebring word,
- ♦ die staaltafels moet afgeskuur en gerestoureer word.

In Oktober/November word 'n byeenkoms vir al die gemeentevroue gehou, hier geniet ons die optrede van 'n gaskunstenaar en spreker en kuier gesellig saam. So leer ons mekaar ook beter ken.

JY IS DEEL van die vrouebediening, ons waardeer die bydraes wat ontvang word, maar niemand word uitgesluit omdat hul nie 'n geldelike bydrae kan maak nie. Kom sit 'n handjie by wanneer tee geskink moet word of kom help tydens Pinkstertyd om na die diens sop en broodjies te bedien, elkeen se hulp word waardeer.

Kom wees 'N AKTIEWE VROU in die Vrouebediening.

Kontakpersoon: Wilma Wilson Tel. 012 331 2200 of 084 616 7350



BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

KARWAS

Elke eerste Saterdag van die maand

Waar? Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

Pryse: was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

Tyd: 9:00-12:00

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.

